

Northgate steun flaminke-veldtog

Ontwikkelaars stel standpunt

■ JANA ENGELBRECHT

KIMBERLEY. – Hulle ondersteun die veldtog om die Kamfersdam-flaminke te red.

Só het die ontwikkelaars van die beplande residensiële ontwikkeling Northgate naby die kurismatige broei-eiland van die kleiner flaminksoort gister in 'n nuusverklaring gesê.

Mnr. Joe Loedolff, direkteur van Northern Cape Property Investment Holdings, het gesê die ontwikkelaars het wel skriftelike besware by die departement van ekonomie, toerisme, omgewing en bewaring ingedien teen amptenare wat nie neutraal teenoor die ontwikkeling gestaan het nie.

“Ons het gevra dié amptenare moenie namens die departement optree as hulle die beoogde ont-

wikkeling hersien nie. Dié amptenare het in die openbaar die departement deur die Red die flaminke-veldtog teengestaan.

“Hierdie amptenare is werknemers van die plaaslike regering. Ons neem aan dis hoekom hulle geskors is.”

Loedolff het gesê die ontwikkelaars kan nie kommentaar lewer oor die besluit van die departement om die amptenare te skors nie, omdat dit 'n interne ondersoek is.

Hy het gesê die ontwikkelaars het die Red die flaminke-veldtog ondersteun en ook skenkings aan die fonds gemaak.

“Dié skenkings is aan ons teruggegee.

“Ek wil dit ook duidelik maak dat geen lid van die regering of lede van hul familie aandeelhouders van die ontwikkelingsmaatskap-

py is nie.

“Ons het ook geen omkoopgelde betaal aan enige regeringsamptenare om die beoogde ontwikkeling goedgekeur te kry nie.

“Die ondersteuning wat ons van regeringsamptenare gekry het, is omdat hulle besef daar is 'n vraag na bekostigbare huise in Kimberley.

“Dit sal ook die Roodepan-gemeenskap verbeter.”

Hy het gesê die ontwikkelaars is vroeër wanvoorgestel in die media omdat joernaliste nie ordentlike ondersoek ingestel het nie.

“Ons gaan geen verdere onderhoude toestaan nie.”

Die ontwikkelaars het 'n nuusverklaring van sewe bladsye uitgereik wat die hele ontwikkeling en die doelwitte van die ontwikkeling uiteensit.

ACDP vra ondersoek aan

■ JANA ENGELBRECHT

KIMBERLEY. – Die ACDP in die Noord-Kaap het 'n dringende beroep op die premier van dié provinsie gedoen om 'n kommissie van ondersoek na die beoogde ontwikkeling by Kamfersdam in Kimberley in te stel.

Die kommissie moet ook die bewerings dat daar reeds rou riool in die dam loop, ondersoek.

Mnr. Francois van Wyk, Noord-Kaapse leier van die ACDP, het gesê die ekonomie van die Noord-Kaap is baie afhanklik van eko-toerisme.

“Die skade wat nou nasionaal en internasionaal aangerig word ná die skorsing van drie senior natuurbewaringsamptenare wat ten nouste by die Red die flaminke-projek by die dam betrokke was, is ontsaglik.

“Die hele kwessie, veral bewerings dat korrupsie by die ontwikkeling betrokke is, en die bewering dat daar druk op die departement uitgeoefen is om die drie amptenare te skors, moet so

gou moontlik in die reïne gebring word.”

Van Wyk het gesê die provinsie se beeld as 'n provinsie wat sy natuurêre erfenis koester, kan ernstig skade berokken word.

“Ons is bewus dat die departement van ekonomie, toerisme, omgewing en bewaring goeie werk doen.

“Dit sal baie jammer wees as die hantering van hierdie enkele projek hierdie beeld ongedaan maak. Die aandag wat die projek op die internet kry, sal ongetwyfeld daartoe bydra.

“Dit het waarskynlik reeds veroorsaak dat die saak geïnternasionaliseer word op 'n skaal wat die land internasionaal baie skade kan laat ly.”

Dit volg op bewerings dat die toekoms van sowat 9 000 flaminkkuikens op die kunsmatige broei-eiland van die kleiner flaminksoorte van Kamfersdam buite Kimberley, moontlik in die gedrang is omdat daar glo nou niemand is wat die veranderinge, bedreiging en die gesondheid van

dié kuikens kan monitor nie. Dit volg op die skorsing van drie senior amptenare verlede Maandag.

Mnre. Mark Anderson, ornitoloog, Julius Koen, adjunkdirekteur: bewaring, en Eric Hermann van wetenskaplike dienste is met volle voordele geskors omdat hulle glo betrokke is by die veldtog vir die red van die flaminke.

Al drie het senior aanstellings op assistent-direkteursvlak.

Die veldtog is nie net oor die beplande residensiële ontwikkeling naby Kamfersdam nie, maar veral omdat kommer bestaan oor die watergehalte. Riool vloei glo in Kamfersdam omdat 'n deel van die Homevale-rioolaanleg glo buite werking is.

Mnr. Mandla Ndzilili, woordvoerder van die Noord-Kaapse departement van ekonomie, toerisme, omgewing en bewaring, het gister volgehou dat die saak ondersoek word.

“Die dissiplinêre ondersoek het begin. Tans kan ons nie veel oor die ondersoek sê nie.”